# Oosterbeeld

Kwartaal 2 van 2023

*Vinnig Vorentoe vervolg...*




oosterbeeld.co.za

# In hierdie uitgawe







03 Oosterlig se eie hardloop die Two Oceans

04 Oosies wys hul vaardighede en startegie op die skaakbord

05 Voort met die spel vir Oosie-skaak

06 Oosie Ope-aand op eie bodem

08 Oosie-Dramaklub hou ‘n opwindende ‘deurnag’!

10 Oosies pronk by die ATKV-redenaars

11 Hoofleiersdinee en Internskap: Laerskoolhoofleiers word verwelkom!

12 Hello. Totsiens. En alles tussenin.

14 Akademiese Oosie-boffins van Kwartaal 1

18 Die Onderwêreld roep

20 Oosies gee om tydens Omgeeweek

21 Oosie-Landloop laat stof in die teenstaanders se oë!

22 Vinnig Vorentoe – die rooi tapyt wag!

24 Twee Oosies tot provinsiale Rugbyspanne verkies

25 Oosie-Tennis het hul oog op die bal!

26 Debutantebal 2023 'n Spoggeleentheid

27 Die Oosies se toekoms is in goeie hande

29 Oosies Spogblad!



# Oosterlig se eie hardloop die Two Oceans

~Kayleigh van der Merwe




Clerise Redelinghuys, graad 11, het die naweek van 15 en 16 April aan die Two Oceans-wedloop in Kaapstad deelgeneem. Sy het reeds Donderdagaand, 13 April 2023, saam met haar ma afgevlieg om Sondag, 16 April 2023, in die D-groep weg te spring en die groot draf van 21.1 km aan te pak.

Sondag was nie haar eerste Two Oceans nie. In 2022 het sy haar ouers oortuig om haar in te skryf sodat sy die wedloop vir haar sestiende verjaarsdag kan hardloop, want hardloop is vir haar ‘n fees en ‘n passie. Daardie jaar het sy in 2 ure en 30 minute die wedloop voltooi. Sy het toe reeds besluit dat sy sou teruggaan om haarself te druk en dit onder 2 ure te voltooi. Hierdie jaar het sy ingeklok op 2 ure en 7 sekondes.

Clerise het aan die OosterBeeld verduidelik dat sy nie daardie sewe sekondes wil afrond nie, sy wil eerder in 2024 weer deelneem om die 2 ure-kloktyd te behaal. Haar doelwit is om aan 10 Two Oceans deel te neem sodat sy die hooggesogte blou nommer kan kry en in die A-groep kan wegspring.

Ten spyte van haar eie teleurstelling rakende die ekstra sewe sekondes, verdien sy in die Oosies se oë ‘n klop op die skouer, want selfs met daardie tyd het sy as ‘n junior (uit ‘n groep van 2 568 juniors) 17de plek behaal – ‘n prestasie om baie trots op te wees!

Die Two Oceans as geheelervaring was vir haar groot pret en die ondersteuning van die toeskouers met koeiklokke langs die pad was vir haar spesiaal. Die uitsig was volgens Clerise net so besonders en het die 21.1 km-wedloop bietjie verlig.

Hou so aan, Tjops!

# Skaak by Hoërskool Oosterlig



## Oosies wys hul vaardighede en strategie op die skaakbord

~ Melissa Englin

Op 19 April 2023 het die Oosie-skaakspanne ‘n skaakwedstryd teen Hoërskool Zwartkop gespeel. Die NWU-Prestigewedstryd is bygewoon deur skaakentoesiaste sowel as toeskouers wat die spanningbelaaide stryd van verstand en strategie kom aanskou het.

Die wedstryde is aangevoer deur albei spanne wat openingskuiwe gemaak het wat die toon vir die res van die wedstryde aangee het. Die wedstryde is gespeel met ‘n indrukwekkende konsentrasievlakke en fokus van beide spanne.

Die wedstryd het bestendig gevorder en ons Oosies het uitstekende spelvaardighede getoon. Die Oosies was geduldig in hul benadering en nie oorhaastig in hul bewegings nie. Die toeskouers het met verwondering toegekyk hoe ons Oosie-spelers hul taktiese vermoëns en kreatiwiteit demonstreer.

Die Oosies het daarin geslaag om hul teenstaanders op die verdediging te plaas, en dit het begin voorkom of ‘n oorwinning in sig was. Die toeskouers was verstom deur die spelers se vermoë om hul opponente se volgende bewegings te voorspel en dit doeltreffend teen te werk.

Uiteindelik het een speler op elke bord as wenners uit die stryd getree. Hulle het daarin geslaag om hul teenstander uit te maneuver en ‘n skaakmat te verseker.

Die skaakwedstryde by Hoërskool Zwartkop was ‘n fantastiese vertoning van vaardigheid en strategie wat deur ons Oosies ten toon gestel is. Die spel is met gesonde sportmangees benader om die tydlose skoonheid en waardering van ‘n skaakspel te demonstreer.

# Vervolg...

## Voort met die spel vir Oosie-skaak

- Donné Fowler



Die skaakspelers van Hoërskool Oosterlig het bevredigend in ‘n onlangse skaak-kompetisie gevaar. Op 13 Mei 2023 het Oosterlig se skaakspelers deelgeneem aan die individuele speler-distrikfinaal.

Baie geluk aan Rocco Aldum en Carla Aldum wat albei goue medaljies verwerf het en boonop gekies is vir die Ekurhuleni Skaakspan. Die twee Oosies gaan aan die Gauteng-kampioenskappe deelneem wat op 27 Mei plaasvind.

Spelers speel individuele wedstryde wat saamgetel word om die spantotaal op te maak. Die liga bestaan uit 6 poelwedstryde waarvan die eerste twee spanne deurdring na die Distrikfinale wat in Augustus sal plaasvind.

Die Oosie-skaak het ‘n senior en ‘n junior span ingeskryf. Elke span bestaan uit ses spelers. Die beste speler in die span speel op bord 1, maar spelers kan mekaar uitdaag om op ‘n hoër bord te speel. Rocco Aldum sê: “Dit is baie lekker om iemand uit te daag sodat jy ‘n bord kan opskuif! Mens weet nooit wat gaan gebeur nie, skaak is brutaal en een fout kan jou verpletter. Dit is verseker ‘n motivering om harder te werk as jy weet jy kan opskuif na hoër borde toe. Dié motivering skep ‘n gesonde mededingingsgees in ons span en help ons dan ook om beter te vorder in ons spanwedstryde.”

Juffrou Dela Guerre sê: “Ek geniet dit baie om deel te wees van die skaak. Met skaakspel ontwikkel mens die brein om buite die boks te dink. Jy moet tot vyf skuiwe vooruit kan dink en beplan. Daar berus groot satisfaksie daarin om die teenstander te kan uitoorlê. Ek put genot daaruit om te kan sien hoe die skaakspelers se spel ontwikkel en hoe hulle uit elke wedstryd leer om die groter prentjie raak te sien.”

# Oosie Ope-aand op eie bodem

- Monique Alberts

Die toekomstige Oosies se nuuskierigheid is beslis geprikkel en die element van sukses, CuRIOSUM, is by hul tuisgebring! Die reis deur Oosieland op 19 April 2023 kan soos volg beskryf word.

Die toekomstige Oosies is vriendelik in die Oosie-familie verwelkom onder leiding van Me. Van der Walt, die leierskomitee en VLR sodat hulle tuis kan voel op ons skoolgronde en die volle Oosi-ervaring kon beleef.

*"Perfekte ope-aand, lekker interaksie, baie insiggewend, almal baie vriendlik, het ons lekker tuis laat voel."* – 'n Toekomstige Oosie

Die personeel, leierskomitee, VLR en elkeen wat van die aand 'n sukses gemaak het, het hulself beslis goed van hul taak gekwyt! Die avontuur het só verloop!

Ons eerste stop: **Dramaklub – OosieKultuur!**

Die Dramaklub het met 'n oorspronklik toneel ons Oosie-kultuur kleurvol uitgebeeld. Van revue, redenaars, spreekkoor en skryfkompetisies is niks uitgelaat nie.

*"Mal oor die Oosie-gees!"* - Megan



# vervolg...

Ons Oosies is propvol gees en daarom arriveer die avontuur by ons **pretgang – OosiePret!** Ons skop af met Kleurfees, beland in 'n donker kamer vir Aandskool en eindig by ons braaiers waar ons Braai-oppie-Blad nadat daar by die Boekklub in die Leessentrum gekuier is!

"*Ek speel al 2 jaar vir die 1ste Rugby span. Ek hou ook van gewigstoot.*" - Christiaan

Christiaan as sport jou ding is, is die volgende pitstop net vir jou... Ons Oosie-reis na die **gimnasium – OosieSport!** Sport is entoesiasties en ywerig uitgebeeld. Hokkie, Netbal, Krieket, Gholf, Jukskei, Tennis, Rugby en natuurlik, Atletiek is vir die toekomstige Oosies uitgestal.

Die pom-poms en Oosie-band het gesorg vir baie vermaak en gees! Ons sluit af in die **saal - OosieAkademie** waar verskeie vakke wat by Hoërskool Oosterlig aangebied word ten toon gestel is. Selfs die OosterBeeld is bekendgestel... Van ons oud-Oosies het gretig hulle gesigte kom wys en Claudette meen dat sy 'n ongelooflike ondervinding gehad het, veral toe sy een van ons ou koerante van 1996 - en haarself daarin – gesien het.

Oosterlig het beslis alles, van kultuur tot gees. Van gees tot sport. Van sport tot akademie en nog vele meer...

"*Dit was AWESOME! Ek kan nie wag om 'n Oosie te word nie. Amazing!*" -Amoné

Ons Oosies het hard gewerk om die-ope aand 'n sukses te maak! Die OosterBeeld glo dat die graad 7's die beste besluit sal maak vir die toekoms wat vir hulle voorlê en dat Hoërskool Oosterlig werklik hulle keuse sal wees: Want hier is ons 'n Oosie-familie!



# Oosie-Dramaklub hou 'n opwindende 'deurnag'!

- Zoë Muller

Soos die legendariese William Shakespeare in sy toneelstuk, As you like it, aangevoer het:

*"All the world's a stage, and all the men and women merely players".*

Saterdag, 22 April 2023, skop die Dramaklub die lang aand wat op hul wag af met 'n opwarmingsessie en dramaspeletjies om hul stemme op te warm vir die aand se repetisie. Die klub se geliefde kostuumontwerper, Kobus – of soos wat hy onder die lede bekendstaan, Kersvader, het ook sy visie vir die kostuums van hierdie jaar se produksie gedeel en die akteurs se mates geneem om pragtige kostuums te kan optower. Nes Shakespeare se woorde aan sy seun "*apparel oft proclaims the man*", deel die Dramaklub die sentiment sommer doodgewoon as: "*the clothes maketh the man*".

Uit kameraadskapsgees het die dramaklub 'n heerlike verskeidenheid pizzas vir aandete geniet waarna hul 'n unieke kreet ontwikkel het. Die kreatiewe kreet het beslis die lagspiere geprikkel.

Die aand het, soos wat die lede ywerig geoefen en hul tonele bemeester het, 'n perfekte balans gehandhaaf tussen pret en harde werk.



# Vervolg...

Juffrou Prins, die talentvolle mederegisseuse, het 'n energieke en opspraakwekkende demonstrasie aan die groep 'boelies' in die toneel gebied om die akteurs te inspireer om hul vertonings tot nuwe hoogtes te verhef.

Die lang nag van oefening, grappies en welverdiende pouses het uiteindelik plek gemaak vir die aanbreek van 'n nuwe dag, en die laaste tradisie van die Oosie-Dramaklub: die inlywingseremonie. Soos alle dramakinders, het die nuwe lede aan 'n reeks uitdagings deelgeneem. Ná al die aksie het die nuwe lede oor die vierkant beweeg waar die ou dramalede 'n erewag gevorm het om vir hulle hande te klap in gelukwensing.

Dié tradisievaste aand was propvol passie, toewyding en kreatiwiteit gelaai, en die Oosie-Dramaklub sal beslis 'n prominente stempel op die verhoog van die wêreld laat.

Juffrou Koekemoer (die regisseuse en die skrywer van die toneel) het haar dank uitgespreek: "Ek is trots op elke Dramaklublid se meelewing , goeie gesindheid en gees. Ek sien uit na 'n wonderlike drama seisoen en kan nie wag om te sien wat die dramaklub alles vermag met hulle toneelstuk, Hokke, nie!"

Dié legendariese skrywer het in haar nuutste toneelstuk, Hokke, die volgende tot stand gebring: "Ek sien hokke, koue hokke, wat ons in tronke vasvang. Tronke wat julle geskep het. Hoe lank gaan ons dit uitstaan agter die tralies?

Wanneer gaan ons vry wees?"

Mag die 2023-seisoen bevrydend wees vir elke lid van die oosie-Dramaklub!



WOW!

Foto's by OosterBEELD.co.za

# Oosies pronk by ATKV Redenaars

*Mieke Jutte*

Op 21 en 22 April 2023 het verteenwoordigende Oosies hul talente op die verhoog ten toon gestel by die eerste uitdunronde van die ATKV-redenaarskompetisie en sonder huiwering het elke leerder die Oosie-naam hoog gehou.

Baie geluk aan die volgende leerders wat hulself en hul skool deurgepraat het na die semi-finaal wat op Saterdag, 13 Mei 2023, by Laerskool Concordia sal plaasvind:

Graad 8 en 9 Afrikaans Huistaal - Voorbereid
·Gabrielle Wessels
·Mieke Haasbroek

Graad 10 tot 12 Afrikaans Huistaal - Voorbereid
· Chanté Werner
· Leri Kotze
· Mieke Dippenaar
· Mieke Jutte
· Zoë Muller

Graad 10 tot 12 Afrikaans Huistaal - Onvoorbereid
·Mieke Jutte

Sterkte, Oosies, praat dat die spoeg spat!!!



# Hoofleiersdinee en Internskap:

## Laerskoolhoofleiers word verwelkom!

Kayleigh van der Merwe




Dinsdag, 25 April 2023, is die hoofleiers van verskeie laerskole in die omgewing uitgenooi om die jaarlikse Oosie-internskap by te woon. Die hoofleiers is deur die Oosterligbussies opgelaai om hulle na die 'groot skool' te neem.

Dit was moontlik oorweldigend om die eerste voorsmakie van hoërskool te ervaar, maar nadat die nuwelinge eers die sjerbet – wat hulle self in Gasvryheidstudies gemaak het – geniet het, het die vrese verdwyn.

Vandaar het hulle by die graad 11-wetenskapklas aangesluit voordat hulle 'n dubbel wiskundeperiode aangepak het. Pouse is die snoepie se smaaklike roosterbroodjies geniet terwyl daar met die Oosie-leiers gesels is. Teen die einde van die skooldag kon elkeen van hulle slimmer weg stap en met 'n goeie storie om vir hulle ouers te vertel – en belangriker, die Oosie-ervaring van 'n leeftyd!

Die hoofleiers het wel nog nie genoeg van ons skool gesien nie en daardie aand teruggekeer om saam met nog hoofleiers van ander laerskole in die hotelskool 'n hoofleiersdinee bywoon. Die dinee het ten doel om aan die hoofleiers 'n geheelbeeld te bied van wat leierskapsontwikkeling by Hoërskool Oosterlig behels, asook om netwerkgeleenthede tussen die verskillende laerskole uit ons gemeenskap te bied.

Die vertrek was pragtig versier en elke hoofleier kon saam met hul ouers heerlike kos én die beste koeksisters wat hulle nog ooit geëet het, geniet. Die glinsteraand was beslis 'n groot sukses en elkeen teenwoordig het weggestap met 'n besonderse boodskap rakende wat nuuskierige leiers moet wees te danke aan Gielie Hofman, die gasspreker van die aand.

Die Oosies se element van sukses is sonder twyfel by elkeen tuisgebring!

# Hello. Totsiens.
# En alles tussenin.

Chiara Dover

## OOSIES GROET ME. ERNST




Tik. Tak. Tik. Tak. Die tyd tik. Die uurglassand loop uit. Somtyds stadig, maar altyd vinniger en dikwels sonder dat ons dit besef. Juffrou Linda Ernst het vir die eerste maande van 2023 by Hoërskool Oosterlig Afrikaans en Lewensoriëntering aangebied. Haar uurglassand by Oosterlig het ongelukkig nou uitgeloop. Juffrou Ernst het al op die eerste dag ‘n indruk op die Oosies gemaak en haar drif was onvermydelik. Dit was so duidelik soos daglig dat Juffrou ‘n passie en ‘n roeping vir onderwys het. Daar was elke dag iets te leer in haar klas – al was dit slegs om betyds te wees.

Juffrou Ernst se onderrigvernuf het daarop gedui dat sy bestem is vir groot dinge. Woorde wek, maar voorbeelde trek. Juffrou het vinnig die range geklim van onderwyser by Hoërskool Kemptonpark tot ‘n departementshoof by Hoërskool Oosterlig en nou ‘n vakadviseur vir Afrikaans by die distrikskantoor: Ekurhuleni Noord Distrik. Sy gaan die vak bevorder en verryk – en verseker dat die taal entoesiasties en ywerig in skole geïmplimenteer word. Haar grootste spyt is dat sy nie meer met kinders gaan werk nie.

In die kort tyd wat Juffrou by ons deurgebring het, het sy waardering getoon vir die ongelooflike skoon skool waarin ons onderrig word. Sy het die respek wat die kinders vir mekaar het raakgesien en geniet om saam met die vriendelike personeel te werk in ‘n plek waar Juffrou altyd geliefd en verwelkom gevoel het. Sy laat graag aan haar leerders die volgende na: “Ek hoop julle ontwikkel ‘n passie vir leer en sien daar’s ‘n groter prentjie as akademie op skool. Die waardes in die klaskamer help jou vir jou lewe ná skool. Die akademie wat jy leer is nie so belangrik nie, maar wel die faktore, mense en lesse wat jou ontwikkel as mens – die verborge kurrikulum.”

Juffrou Ernst gebruik elke korreltjie sand wat sy kan kry en werk vir die toekoms. Ons moet in haar voetspore in die uurglassand volg en die tyd wat ons het ten volle benut. Sterkte op Juffrou se lewenspad vorentoe. Ons sê dan sommer vir juffrou ‘Ciao’ wat hello en totsiens beteken in Italiaans, en dit omsluit ook dan die kort rukkie tussenin.



# Vaarwel vervolg...

## VAARWEL, MAAR NIE TOTSIENS, MNR J. SILVO!

Dit is met hartseer dat ons vir meneer Jacques Silvo moet groet. Hy het diep spore in Oosterlig getrap en sal altyd onthou word vir sy insette en harde werk by Oosterlig.

Meneer Silvo het sy hoërskoolloopbaan by Oosterlig voltooi. Daarna het hy onderwys studeer aan die Universiteit van Potchefstroom. Nadat hy sy studies voltooi het, het hy teruggekeer na Oosterlig, dié keer as onderwyser.

Meneer Silvo was betrokke by verskeie skoolaktiweite onder andere: rugbyafrigter, rugbyorganiseerder, Valke rugbyskeidsregter, atletiekorganiseerder, busbestuurder, nasienser van die NSS-eindeksamen en as geliefde onderwyser.

Meneer Silvo het talle leerders se harte aangeraak in die klas en op die sportveld. Hy was 'n besonderse onderwyser wat alles wat hy gedoen het met passie aangepak het.

Meneer Silvo was vir nege jaar onderwyser by Oosterlig. Hy het Besigheidstudies vir graad 10 tot 12 aangebied en Bedryfsekonomie vir graad 8 en 9.

"Ek gaan die rugbyomgewing en verhouding tussen die afrigters by Hoërskool Oosterlig mis" – Mnr. Silvo

Meneer moet die nuwe hoofstuk geniet en ons glo dat meneer ook 'n groot impak op die leerders en personeel by die nuwe skool sal hê soos hier by Oosterlig.

Sterkte met alles vorentoe, mag alles wat u aanpak'n reuse sukses wees!

# Akademiese Oosie-boffins
# van Kwartaal 1

Mieke Dippenaar

Nelson Mandela het eens gesê: "*Education is the most powerful weapon which you can use to change the world.*"

Die akademiese Oosie-boffins streef sonder twyfel Madiba se woorde na. Hierdie leerders bewys daagliks watter effek harde werk en goeie akademiese prestasie vir hulself kan inhou.

Om op akademiese vlak te presteer is waarlik iets om op trots te wees – en maak die harde werk, laat aande, spanning en soms 'n dubbele warmsjokolade die moeite werd.

Swot is enige tiener se achilleshiel...en daarom sê ons hartlik geluk aan kwartaal 1 se Top 10-leerders. Julle harde werk word raak gesien!

Elke akademiese jaar word aan sy eie uitdagings geken:

**Graad 8:**
VREES...jou eerste gevoel wanneer jy by die hekke van 'n nuwe skool instap. As 'n graad-aggie is kwartaal een 'n reuse uitdaging, gevul met ontgroeningsaktiwiteite. Akademiese druk is tasbaar en uitputting oorweldig jou. Daarom sê ons geluk aan die volgende leerders: Top presteerder Gabrielle Wessels, Leah Jordaan, Ilze Du Plessis, Klarissa Taljaard, Larissa Lombard, Ruan Venter, Aunzel Breedt, Dewandé Smith, Nykeisha Wilters en Minka Grobler (10de) .



# Vervolg...

**Graad 9:**
Na 'n besige graad 8-jaar kan jy uiteindelik diep asem haal. Die kollig verskuif na die nuwe graad-aggies, maar die akademiese druk word nou selfs meer uitdagend. Die vakkeusebrief steek kop uit en die stresvlakke styg.

Geluk aan die volgende leerders: Top presteerder Kyle Desmore, Darius Hatting, Carla Aldum, Chloë Trollip, Chloë Theron, AJ Holtzhauzen, Avonique van Rooyen, Melieke Redelinghuys, Ilzé-Mari van der Walt en Amelda Richards (10de).




**Graad 10:**
Die senior fase is beslis 'n akademiese aanpassing. Vakkeuses is ingedien en die moeilikheidsvlak neem toe. Geluk aan die volgende leerders: Top presteerder Karli Ferreira, Frané du Plooy, Ancel du Bruyn, Clarissa Venter, Kayla van Daalen, Emma Hatton-Jones, Lehandi Steyn, Leri Kotzé en Zeanell Jankowitz (10de).



*Vervolg...*

**Graad 11:**

Vakveranderingvorms word voltooi, want Wiskunde en Fisiese Wetenskap is beslis nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie. Verder word die werklading net meer, toets-ure word langer, opstuurpunte maak bang en die moeilikste akademiese jaar skok almal. Hartlik geluk aan die volgende leerders:

Top presteerder Janelle Janse van Rensburg, Juan De Villiers, Megan Marais, Angelique Oelofse, Chiara Dover, Karla Schoombee, Larissa Schuts, Rocco Aldum en Daniella Amos (10de).




**Graad 12:**

Die eindeksamen kruip al hoe nader en spanningsvlakke bereik 'n nuwe hoogtepunt. Dié jaar het aangebreek...die laaste jaar van hoërskool. Hierdie leerders 'walked the walk and talked the talk' en daarom bied elk van die top 10-leerders 'n motiverende word aan hul mede-Oosies:

1. Abigail Maritz: "My motivering is my toekoms, ek streef daarna om 'n suksesvolle lewe te lei na skool en daarom wil ek tot die beste van my vermoë presteer."

2. Mariska Pitzer: "Ek daag myself uit om beter te presteer en my persoonlike doelwitte te bereik."

3. Kalista Ludick: "Wat my motiveer is die vreugde wat ek voel wanneer ek my doelwitte bereik het."

4. Kayleigh van der Merwe: "Die Here is my motivering, Hy is die Een wat vir my die wysheid gee en vir Wie ek mik om alle eer te gee."

5. Mieke Dippenaar: "Die lewe loop nie teen 'n konstante kurwe nie, maar akademie bied stabiliteit en met prestasie het ek die vermoë om die konstante vind."

# Vervolg...

6. Jody Olifant: “Druk jouself, want niemand anders gaan dit vir jou doen nie.”

7. William Reid: “Ek glo: Deur nou hard te werk sal jy jou drome, waarvan jy nog nie eens gedroom het nie, bewaarheid.”

8. Chanté van Loggerenberg: “Ek het lankal reeds geleer mens kry nie waarvoor jy wens nie, eerder waarvoor jy werk.”

9. Jean Bekker: “Wat my motiveer is om te weet dat teen die einde van die dag het ek my beste gelewer.”

10. Christan Botha: “Ek doen my skoolwerk vir my toekoms en natuurlik om die Here te verheerlik.”




Akademie is dalk elke leerder se achilleshiel, maar ‘n plek op die Top 10 is iets om na te streef.

“Sometimes the smallest step in the right direction
ends up being the biggest step of your life”
-Naeem Callaway


Neem daardie eerste stap na sukses en wie weet, miskien is JY die een wat die wêreld gaan verander.

# Die Onderwêreld roep

Abigail Maritz







Ná 'n langnaweek keer die Oosies terug na die skool, reg om die week aan te pak en die dag te pluk, maar Onderwêreld is al wat op die Oosterlig matrieks se lippe is.

Op Dinsdag, 2 Mei 2023, vertrek drie busse vol opgewonde graad 12's na Hoërskool Dr EG Jansen, gereed om hul 'front row seats' in te neem vir vanjaar se Onderwêreld-vertoning.
Met die Oosie-matrieks se aankoms by Hoërskool Dr EG Jansen is daar gretig aangesluit by hul mede-matriekgroepe:

- Hoërskool Delmas
- Hoërskool Dr EG Jansen
- Prestasieskool

Kort voor lank is die deure oopgemaak en kon almal hul sitplekke inneem. 'n Opwindende en nuuskierige atmosfeer het die vertrek gevul. Dit het duidelik geblyk dat die leerders in hul noppies was om hul voorgeskrewe boek in lewende lywe op die verhoog te sien afspeel. Vir 80 minute het die matrikulante 'n ongelooflike vertoning beleef wat hul denke sou uitbrei.

Bekende akteurs soos André Lotter, Ruan Wessels, Christopher van der Westhuizen saam met nog vele ander het hierdie opvoering op 'n wonderlike en kreatiewe manier uitgebeeld. Hierdie vertoning is vir seker een vir die boeke, met baie oomblikke van erns, skok, uit die maag uit lag en die skielike hitte in die saal toe Eckardt en Greg vir hul strand toneel opstap…

# Vervolg...







Om Onderwêreld op die planke te beleef was 'n wonderlike ondervinding vir die Oosterlig - matrikulante sodat Fanie Viljoen se boek vanaf 'n ander perspektief beleef en geÏnterpreteer kon word. Die vertoning was nie net 'n aangename uitstappie nie, maar ook 'n besonderse geleentheid vir die leerders om hul kennis oor die boek uit te brei en 'n beter begrip rakende die inhoud van Onderwêreld te bekom. Die vertoning was 'n absolute sukses en die akteurs ongelooflik! Die matrieks het deur die visuele uitbeelding baie geleer en die onderwysers het dit net soveel geniet as bewys dat leer ook pret kan wees.

Toe die Onderwêreld roep, het die Oosie-matrieks gretig geantwoord





# Oosies gee om tydens omgeeweek

*Clarissa Venter*



Enige Oosie het die potensiaal om baie te bereik: Of dit nou op die sportveld is, tydens kultuuraktiwiteite of op akademiese gebied. Alhoewel ons as skool bevoorreg is, is daar party van ons mede-leerders wat nie so bevoorreg is nie, en dit is ons plig as Oosies om ons naaste te help. Daar blom positiweit tussendeur die dorings van die werklikheid – die hoeveelheid families wat hulp nodig gehad het, het afgeneem ná die Covid 19-pandemie.

Met behulp van die gemeenskap samel die Oosies kos en ander basiese produkte vir families wat dit nodig het in. Só het Oomgeeweek ontstaan, met die doel om ons Koskas vol te kry met die nodige items en voedsel om families in ons eie Oosie-gemeenskap te help.

Gee die Oosies selfs net 'n vier dag-week, en ons sal steeds voorsiening maak! Almal in die skool het gehelp, die personeel ook. Die leerders het getrou gebly aan die doelwit wat gestel is. Volgens die week se organiseerder, Me Herron, het die Oosies haar trots gemaak. Die OosterBeeld bedank ELKEEN vir hulle hulp, ondersteuningen omgee-gees tydens dié week.

Die Oosterlig-Koskas is so propvol soos jou maag ná 'n kersete. Genoeg geld en bydraes is ingesamel om selfs nog meer voorraad aan te koop waar nodig en om aan ons Oosie-gemeenskap se behoeftes vir die kwartaal te voldoen – dankie, Oosies!.

Ek sluit af met die volgende woorde, 'n Oosie se nalatenskap:

'n Bietjie hulp en vriendelikheid klink dalk nie na veel nie, maar waar jy 'n ander kan help, beteken dit altyd baie meer as wat jy besef!

# Oosie-Landloop laat stof in die teenstaanders se oë!

Monique Alberts

Op 5 Mei 2023 word die Oosie landloop-atlete uitgedaag met ‘n hindernes van ‘n baan in Potchefstroom. Diané Botha, een van ons senior dogtersatlete, sê dat die roete uit baie hobbels en opdraandes bestaan het en dat daar wel baie skerp draaie was wat jou spoed breek. Die Oosies het dalk nie silwerskoon uitgekom nie as gevolg van die vorige dag se reën wat die baan vol modder gelaat het.

Vir dié wat nie weet nie het die PUK-byeenkoms in ‘n aflosformaat plaasgevind waar vier atlete van ons junior dogters en -seuns sowel as vier senior dogters en -seuns saam as ‘n span moes werk om die beste eindposisie te bereik. Dmitri Annandale het vir die senior seuns weggespring. Volgens hom was daar stampe en stote, maar niks kon hom keer nie.

Ons Oosies het uitgestaan met hulle splinternuwe landloophemde wat geborg is deur Cylinder Service. Dit was ‘n uitdagende byeenkoms vir ons junior dogters en -seuns wat afsonderlik en gesamentlik 15de geëindig het, en ons senior dogters en -seuns het ook afsonderlik en gesamentlik 10de geëindig.

Oosies, julle maak ons trots! Hierdie is net die begin van die landloopseisoen. Julle het nog vele hindernisse en skerp draaie wat op julle wag. Moet nooit moed opgee nie – hou die Oosie-naam hoog tot die wenpaal bereik is!





# Vinnig Vorentoe – die rooi tapyt wag!

Chiara Dover

Die matrieks van 2023 se dae is getel. Rondom 40 dae voordat die Oosie-gange effens leër is. Almal weet tog dat die Oosie-matrieks se gedagtes beslis draai om die matriekafskeid. Ons 2023 jaartema, 'Vinnig Vorentoe', het beslis in die gedagtes van die graad 12-leerders weerklink. Hulle ideale aankomsmotors vir die matriekdans is vinnig, klassiek en indrukwekkend! Hier volg die matrieks se droomvoertuie vir matriekafskeid:



Christan Botha
"Ek sal graag in 'n swart Porsche Cayenne matriekafskeid toe wil gaan."



2019 Porsche Cayenne (340 hp V-6)



Jocelyn Hobbs
"Verkieslik 'n ouerige kar, maar dit moet 'n ligte baba blou wees."



1965 Ford Mustang GT (101 hp V8)



Keanu Fourie
" 'n Rooi Ford Mustang met swart strepe, maar 'n ou een."



Rooi 1967 Ford Mustang Coupe (200 hp V8)



Ruandi van Tonder
"My droom kar vir die matriekafskeid is beslis die klassieke 1967 Shelby Mustang GT500"



1967 Shelby Mustang GT500 (355 bhp V8)

# V e r v o l g . . .



Dean Marais
"My pa se baas se Hotrod wat blou, wit en geel is."






Herman vd Schyff
"My droom kar vir die matriekafskeid is die 1995 Mclaren F1."




1995 Mclaren F1 (618 hp V12)



JP Scheepers
"Vir seker 'n Ferrari. 'n Bloedrooi Ferrari!"



Rooi Ferrari 458 Italia (562 hp @ 9,000 pm V8)



Shannon-Leigh Oosthuizen
"Ek sal bitter graag in 'n pikswart Jeep-wagon met swart velge (rims), na die matriekdans wil gaan."



Jeep-Wagoneer (420-hp twin-turbocharged V-8)



Ryan de Sousa (links)
"My droomkar vir die matriekafskeid is waarskynlik 'n donkergrys Lamborghini Aventador."



2022 Lamborghini Aventador LP 780-4 (769-hp V-12)



Heinard Stroebel
"Ek sal graag in 'n 1965 rooi Ford Mustang by die matriekafskeid wil opdaag."



1995 Ford Mustang (200 hp by 4800 rpm. V8)

# Vervolg...



Keanu (Chuck) Klein



Double Cap Mitsubishi (154Hp @3500 rpm. L200 V)



Landcruser ( 381 hp V-8)



Dodge Challenger (305-hp V-6)

"Ek's 'n boertjie. Ek's "old school". So dit sal óf 'n dubbelkajuit Mitsubishi bakkie wees óf 'n Landcruiser. As ek vinnig wil gaan, móét dit 'n Dodge Challenger wees."

# Twee Oosies TOT PROVINSIALE RUGYSPANNE VERKIES

Hoërskool Oosterlig is baie trots op twee rugbyseuns wat tot provinsiale rugbyspanne verkies is.

Dian van Aswegen is tot die 0.15 Valke Provinsiale span verkies en Juan van Aswegen tot die 0.15 Valke Oos-streekspan.

Dian van Aswegen gaan aan die Rhino Provincials-rugbyweek, vanaf 5 – 8 Julie, by Isak Steyl-stadion in Vanderbijlpark deelneem.
Juan van Aswegen gaan aan die Rhino Regionals-rugbyweek, vanaf 28 Junie –
1 Julie by dieselfde stadion deelneem.

Baie sterkte aan hierdie twee seuns wat Oosterlig reeds trots maak



# Oosie-Tennis

## het hul oog op die bal!

- Donne Fowler



Die tenniskamp van 2023 het vanaf die 20-22 Januarie te ATKV Buffelspoort plaasgevind. Dit was die Oosies se 21ste tenniskamp!

Die kamp het onder andere ten doel om die rangorde van die spelers vir die jaar te bepaal. Tennis-uitdunne word ook by die kamp gehou. Spelers speel ongeveer 60 rondtes oor 2 dae, maar kry ook aftyd tussen wedstryde om te gaan swem en die fasiliteite by Buffelspoort te geniet. Marné de Swart, ‘n speelster vir die eerste span, sê: “Die lekkerste deel van die tenniskamp was om mekaar te motiveer en om mekaar se geselskap te geniet! Dit was lekker om ons span se gees op te bou deur die loop van die naweek.”

Die Junior NWU-tennisspan het 8ste geëindig terwyl die Senior NWU-span 10de geëindig het in die reeks. Ons het briljante afrigters wat ons tennisspanne se vaardighede elke dag verbeter. Juffrou Herman meen: “Mnr Fouché is ‘n uitstekende afrigter en daar is entoesiatiese onderwysers wat optree as voogde vir die spanne en hul dan vergesel na wedstryde.”

"Tennis is 'n spel van vaardigheid, en jy moet jou vaardighede bly ontwikkel."
- Bill Tilden.

Dankie aan Juf D. Smit, Juf van der Mescht, Juf C. Smit, Juf van der Walt en Juf C. Botha wat ook by die tennis betrokke is.

“Oosterlig het hierdie jaar ‘n rekord aantal spanne wat aan die ligas deelneem. Daar is vyf seunsspanne en twee dogtersspanne. Hul liga het op 21 April begin en duur tot en met die 2de Junie”, sê Juffrou Herman.
Baie sterkte aan al die spanne wat tans besig is met die liga, die OosterBeeld is vas oortuig dat dit baie goed sal gaan.

# Debutantebal 2023

‘n Spoggeleentheid!

Kayleigh van der Merwe







Vrydag, 26 Mei, terwyl die res van die Oosies nog herstel van die eise wat deur ons jaarlikse Aandskool aan hul gestel is, het die debutante hul skooldrag vir spoggerige balrokke en verruklike pakke verruil! Die debutante is by Summerplace verwelkom met ‘n vervrissende Appletiser-verwelkomingsdrankie.

Juffrou Bredenhand het die aand geopen met ‘n treffende boodskap wat die die huidige én toekomstige debutante sou inspireer. Die boodskap was omsluit daarin dat 2023 se debutante wel ‘n kleiner groep is, maar dat dit tsoenami’s is wat klein energiebronne het en tog die die grootste golwe maak. Elke debutant is voorgestel en het ‘n klein geskenkie ontvang.

Die aand is verglans in geselskap en heerlike kosse vanaf die voorgereg en buffet tot en met die nagereg, waarvan die keuse tussen sjokolademousse, koek en roomys moeilik was.

Die dansvloer is geopen deur die hoofseun en hoofmeisie en hulle metgeselle. Die debutante het die res van die aand omgedans en foto’s geneem om die pragtige aand vir altyd te kan koester.
Dankie vir julle harde werk!










# Die Oosies se toekoms is in goeie hande

-Chiara Dover





Suid-Afrika is, soos ons almal weet, in 'n ongewensste toestand. Somtyds bol ons ons vuiste, rol ons ons oë en sug ons moedeloos. Vir die jeugdiges wat nog nie belastingbetalers is nie, is dit immers moeilik om ons ouers se frustrasies te verstaan of selfs iets daaromtrent te doen. Dit is Nelson Mandela wat gesê het: "Die jeug van vandag is die leiers van môre." Dit is wat die ATKV Jeugberaad gepoog het om te bewerkstellig.

Hierdie vakansie het Hoërskool Oosterlig 11 graad 11-leerders gestuur om op die 3de Julie te vertrek na ATKV Klein Kariba om saam met ander skoolleerders touwys te raak oor die kwessies in ons land en moontlike oplossings te bepeins.

Hulle oë het al op die eerste dag na 'n stimulerende en insiggewende sessie saam met Dawie Roodt, 'n bekwame en ervare ekonoom, oopgegaan. Die leerders kon vrae vra en het hul opinies oor Suid-Afrika en ander lande in die wêreld se ekonomiese vooruitgang gelig. Dawie Roodt het hulle toegerus met die nodige inligting, maar hierdie eerste sessie het hulle ook diep laat dink en het interessante argumente ontketen.

Die volgende dag het gesprekke oor die land se onderwys, die resep om 'n miljoenêr te word en 'n debat oor klimaatsverandering hulle toegrus met nuwe inligting.

Juané van der Merwe, die adjunk- uitvoerende hoof en hoof van regte van FEDSAS, 'n skoolbeheerliggaamorganisasie en waghond van onderwys, het hulle kennis opgedateer oor die land se onderwys buite die veilige grens van die Oosterlighekke. Die blote feit dat die Oosies skoolsale, nugter onderwysers, sitplek en spoeltoilette het, het geresoneer by hulle - om nie eers na al die ander vooruitstrewende fasiliteite by die skool te verwys nie. Hierdie sessie het 'n vlammetjie binne hulle aangesteek om te poog vir verbetering op hul eie drimpel. Dawie Roodt se raad het hier ook weer by hulle opgekom: "Die beste tyd om 'n boom te plant is 20 jaar gelede. Die tweede beste tyd is nou."

# Vervolg...



Albert van Wyk, een van Suid-Afrika se jongste miljoeners, het sy spreukbeurt gebruik om die jongmense in te lig oor sy drie wenke van geldmaak waarby hy lewe. Die eerste wenk behels dat jy die regte resep moet hê. 'n Resep in werklikheid is jou daaglikse skedule. Dit waarvan jy jouself vul daagliks loop oor in dit wat jy bereik. Die tweede wenk is dat jy geld kan maak presies waar jy is en met presies wat jy het deur jou bates, vaardighede en netwerke te gebruik. Die belangrikste wenk is die 70-30 reël. Dit sê dat jy net op 30% van jou inkomste kan lewe en 70% moet belê. Jy mag dus 'n nuwe paar tekkies of 'n nuwe selfoon koop slegs wanneer jou 30% genoeg is.

Dié dag se sessies is afgesluit met 'n debat oor klimaatsverandering tussen groepe. Dit het nuwe perspektiewe uitgelig. Die lekker kos en die warm swembaddens het hulle laat herstel na 'n dag van dink en lewe soos 'n grootmens.

Die laaste dag kon die leerders 'n gesprek saam met Pieter du Toit, die redakteur van news24 geniet. Die idee dat hulle volgende jaar moet stem het 'n minder oorweldigende gedagte geraak nadat hulle vanaf 'n ingeligte betrokkene kon beredeneer oor die land se huidige stand van sake. Die opvolgende Skyn Verenigde Nasies was 'n treffer. 'n Treffer in die sin dat dit groot pret was, maar ook in die konteks daarvan dat dit hulle hard laat dink het om die skoene van landsleiers vol te staan. Hulle het besef dat alles nie altyd swart en wit is wanneer dit oor massiewe wêreldkrisisse handel nie.

Tog kom alle lekker dinge tot 'n einde. Nadat die leerders hul dansie op 'Dis wat ons wil hê' deur Bobby van Jaarsveld en Dirk gedans het moes hulle groet en mekaar die laaste keer met pyltjies dreig en kwes. Dit is nou in hul eie hande of hulle hierdie voorreg om waardevolle kennis te verkry sal omsit in betekenisvolle dade en hul plek as die toekomsburgers van hierdie land sal inneem of nie.

Die ATKV oordbestuur sowel as die Jeugberaadfasiliteerders is wel van mening dat die Oosies in goeie hande is vir die toekoms. Die leerders is gekomplementeer oor die manier waarop hul hulself verteenwoordig het, met ander gewerk het, en hul goeie voorkoms, gedrag en gesindheid. Volgens die fasiliteerders was die Oosies die hoogtepunt van die Jeugberaad.

Leerders wat die Jeugberaad bygewoon het is Marcel Ackerman, Rocco Aldum, Kristen Barnard, Juandré Bekker, Juan de Villiers, Chiara Dover, Megan Marais, Clerise Redelinghuys, Karla Schoombee, Larissa Schütz en Xander van Wyk.



# Oosies spogblad!







Avonique van Rooyen - Miss Teen World

Jukskei: Jacques Botha is verkies tot die O/16 SA-Seuns span



Kayleigh van Helden~ Boogskietkampioen

Hokkie:
Kayleen van der Merwe, Kristen Barnard en Angelique van der Merwe is verkies tot die IAFH Uitnodigingshokkiespan na Nederland.
Kristen Barnard (middel) is ook verkies tot die Oos-Gauteng hokkiespan wat dié vakansie na Nelspruit toer.

o/17A Netbalspan ~ 12de by Gauteng Finale
Hulpafrigter: Bianca Zwart; Jomané Edwards; Izelle Swart; Robyn Baker ; Desereé du Plessis Afrigter: Jeanique Kruger; Onder-kaptein: Megan Marais; Kaptein: Karla Schoombee; Diané Botha; Sumari Potgieter; Hulpafrigter: Leanne Anderson




# Ons spog nog...



Dian Van Aswegen is verkies tot die o/15 Valke Provinsialespan. Hy speel skrumskakel, no. 9

Juan Van Aswegen is verkies tot die o/15 Valke Oos-Streek span. Hy speel buitesenter, no. 13.




Albei broers toer dié vakansie na die Rhino-week wat in Vanderbijl-park plaasvind.

# Volg ons...

WWW.OOSTERBEELD.CO.ZA

HOËRSKOOL OOSTERLIG

H.SKOOL.OOSTERLIG

HOËRSKOOL OOSTERLIG